Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 16. Kaapstad, 10 Oktober 1951. Prys 3d. Nr. 45.

# S.A. WORD MEER EN MEER SLEGS 'N DEEL VAN GROTER GEHEEL

**Die moderne imperialiste gaan onverpoosd voort met die uitbouing van die Britse Statebond tot 'n lewende organisasie. Verlede week het Die O.B. gewys op die gevaar vir republikeinse selfstandigheid wat skuil in die talryke Londense konferensies wat kort-kort deur die minister van Sy Majesteit se statebondskoninkryk gehou word. Die konferensies van eerste ministers het al 'n instelling geword; hierdie konferensies word deesdae opgevolg deur konferensies oor besondere aangeleenthede. Daar is reeds konferensies gehou oor militêre sake; oor vervoer; en oor ekonomiese sake.**

**Verlede week is in die pers aangekondig dat die Britse regering, wat optree as bankier van die sterlinggebied, nou weer die Statebond se ministers van finansies opgeroep het na Londen vir 'n finansiële konferensie gedurende die eerste week van aanstaande jaar.**

**Amptenare van die Statebondskoninkryke se departemente van finansies sal reeds in November in Londen vergader ten einde inleidende en voorbereidende samesprekings te voer.**

### ERNSTIGE DALING

Mnr. Gaitskell, die Britse minister van finansies, het in Londen verklaar dat die konferensie byeengeroep word om die groot vermindering van die goud- en dollar-reserwes van die sterlinggebied te bespreek. Hierdie reserwes het gevaarlik gedaal gedurende die derde kwartaal van vanjaar. Die oorblywende reserwes is glo te min vir die behartiging van die hele handel tussen die sterlinggebied en die dollargebied. Die vereiste bedrag is 5,000,000,000 dollars of £1,400,000,000 per jaar. As gevolg van die daling wat verlede kwartaal plaasgevind het staan die bedrag nou op 3,269,000,000 dollars of £915,320,000. Hierdie daling word deur die Britte beskryf „as ernstig maar nie noodlottig nie."

### BRITTANJE SE SKULD

**Maar wat is die oorsaak van die daling? Die Britse departement van finansies het aangekondig dat Brittanje se goud- en dollarreserwes vir die kwartaal wat op 30 September eindig gedaal het met 598,000,000 dollars of £167,400,000.**

'n Amptenaar van die Britse departement van finansies het verklaar dat die hulp wat die „sterlinggebied" ontvang het eers deur Noord-Amerikaanse lenings en later deur Marshallhulp, nou opgebou het; en dat Brittanje boonop nog moet begin terugbetaal aan die lenings. Die bedrag wat in hierdie lopende of vierde kwartaal terugbetaal moet word bedra 65,000,000 dollars of £18,000,000 aan kapitale aflossing en 110,000,000 dollars of £30,800,000 aan rente. Die rentebetaling mag miskien uitgestel word, maar die kapitale aflossing nie.

### GESAMENTLIKE STAPPE

**Die amptenaar het voorts verklaar dat die vermindering van Britse reserwes in die vierde kwartaal hopelik kleiner sal wees as in die derde kwartaal maar daarenteen sal die vervanging van Persiese olie met olie uit die dollargebied die reserwes met £84,000,000 verminder.**

Dieselfde woordvoerder het verduidelik dat Brittanje reeds stappe gedoen het om dollaruitgawes te kontroleer, maar dit is nie voldoende nie. **Om die huidige situasie die hoof te bied sal individuele sowel as gesamentlike stappe deur die Statebondslande gedoen moet word. Daarom is 'n voorlopige byeenkoms van amptenare en 'n konferensie van die Statebondskoninkryke se ministers van finansies belê.**

### „BUY BRITISH"

Die doel van die aanstaande konferensie is derhalwe heeltemal duidelik: Suid-Afrika moet sy aankope of invoere uit die dollargebied nog meer verminder. Wat beteken dit? Net een ding, en dit is: „Buy British." Hierdie konferensie van die Britse Statebond se ministers van finansies is die logiese gevolg van die konferensie van die ministers van ekonomiese sake wat onlangs in Londen gehou is.

**Die Britse Statebond moet 'n ekonomiese en finansiële eenheid word — want Brittanje kan nie bestaan sonder 'n Empire nie, al word daardie Empire ook deesdae 'n Statebond genoem. Want Brittanje moet grondstowwe invoer en fabrieksartikels uitvoer om te kan leef.**

En so vorder die integrasie van die Britse Statebond baie fluks. Suid-Afrika word al meer en meer 'n afhanklike deel van 'n groter geheel en daardeur gee Suid-Afrika al meer en meer van sy selfstandigheid prys.

# BYNA MOBILISASIE VIR OLIE-OORLOG

**Na aanleiding van die „lawaai" wat nou gemaak word omdat Brittanje nie eiemagtig in Persië opgetree het nie, het die Cape Argus in sy naweek-uitgawe 'n baie insiggewende hoofartikel geskryf. Die blad verklaar:**

„Ons moet aanneem dat die Britse regering die moontlikheid van oorlog onder die oë gesien het en geweier het om 'n wêreldbrand te ontketen terwille van 'n olie-maatskappy. **Maar dit is nie al nie. Indien as gevolg van Britse aksie en Persiese verset, 'n oorlog in die Midde-Ooste ontstaan het, soos onvermydelik sou gebeur het, dan sou Suid-Afrika verplig gewees het om daaraan deel te neem, ooreenkomstig die verpligtings wat dr. Malan onderneem het.**

### STEUN BELOOF

„Suid-Afrika is verbind tot intervensie in Afrika of die Midde-Ooste vir gemeenskaplike verdediging teen enige kommunistiese bedreiging; en hoewel die verdrywing van die oliemense nie kommunistiese aksie was nie, sou 'n kommunistiese bedreiging ontstaan het sodra oorlog uitgebreek het.

„Om 'n suksesvolle oorlog in die Midde-Ooste te voer is die steun van Suid-Afrika noodsaaklik. Bowendien het die Unie-regering reeds sodanige steun beloof. Die volk mag onwillig gewees het om die steun te gee, maar dit verander nie die feit dat die Eerste Minister die Unie se woord gegee het nie. **Instede van die Britse regering te blameer dat hulle nie eiemagtig opgetree het nie, moet ons derhalwe liewer gedagtig wees aan die feit dat die Unie in daardie geval sou moes mobiliseer om uitvoering te gee aan die regering se ondernemings.**

### ONTKOMING

„Hierdie ontkoming gehoort die gevare waarvoor ons staan by Suid-Afrikaners tuis te bring asook die noodsaaklikheid om gebeurtenisse buitekant ons grense noukeurig dop te hou. Die Persiese affêre kan maklik die voorloper wees van ander uitdagings en krisisse in Egipte en elders. **Hierdie moontlikhede raak Suid-Afrika vanweë die verpligtinge wat die regering aangegaan het en — dit moet goed verstaan word — wat ons te enige tyd gevra mag word om na te kom."**

Tot sover die Cape Argus.

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

### DEUR TRUMAN GERED

**Meer as 50 jaar gelede het „the peoples of the Empire" na Suid-Afrika gestroom om die Britte se Goudoorlog teen die Boere te help voer. En so byna-byna moes Suid-Afrikaners tans na die Midde-Ooste gestroom het om die Britte se olie-oorlog teen die Perse te help voer — as gevolg van verpligtings wat die nasionale regering onderneem het. Ons „ontkoming" is bes moontlik te danke aan president Truman wat die Britte gewaarsku het om nie geweld te gebruik in Persië nie.**

# Ter Bevordering Van Statebond Se Militêre Eenheid

**Mnr. F. C. Erasmus, Minister van Verdediging, het verlede week aangekondig dat „met die Birmingham Small Arms Company in Engeland 'n ooreenkoms aangegaan is om 'n wapenfabriek in Pretoria op te rig." Die minister het gesê dat 'n weermagproduksiekantoor gestig is en dat dit die taak van hierdie kantoor is om die oprigting van 'n wapenfabriek vir Suid-Afrika te bewerkstellig. Dit is hierdie kantoor wat die onderhandelinge met die Britse wapenfabrikante aangegaan het vir die oprigting van die Suid-Afrikaanse tak van die fabriek.**

Die weermagproduksiekantoor sal die kern wees vir die voorsiening in die weermag se behoeftes. Hy sal die taak hê om die wapentuig en uitrusting; wat nie in die land vervaardig word nie, vir die weermag uit die buiteland bestel.

Die minister het verklaar dat die waarde en belang van die stigting van die produksiekantoor en die oprigting van die wapenfabriek nie oorskat kan word nie. Dit is 'n triomf vir die beleid van die nasionale regering, het hy uitgeroep.

### BRITSE INTEGRASIE

**Maar is dit 'n triomf vir republikanisme? Is dit nie eerder 'n triomf vir Britse integrasie nie?**

Die doel van die moderne Britse imperialisme is om die koninkryke van die statebond en die kroonkolonies tot 'n lewende organisme saam te smee waarin elke koninkryk en kolonie so afhanklik van die res is dat hy noodgedwonge sal moet veg vir die behoud van die geheel. Deur die ineenstrengeling van die koninkryke en kolonies se verskillende lewensterrein word die inwendige eenheid van die Britse Statebond en ryk verseker selfs al word die uitwendige bande losser gemaak. So het die O.B. verlede week geskryf.

**Is die oprigting van 'n tak van die British Small Arms Company in Suid-Afrika nie 'n triomf vir hierdie moderne Britse imperalisme nie? Word daardeur dan nie die militêre ineenstrengeling van Suid-Afrika by die Britse Statebond bewerkstellig nie?**

### O.B. SE WAARSKUWING

Reeds op 20 Junie vanjaar het die O.B. in verband met hierdie saak 'n waarskuwende stem laat hoor; en wel, na aanleiding van prof. Willi Messerschmitt, die wêreldberoemde vliegtuigfabrikant, se besoek aan Suid-Afrika. Die blad het geskryf:

„Nadat hy (prof. Messerschmitt) enkele weke in Suid-Afrika was, het Die Burger geskryf dat as verdere onderhandelinge vlot, die moontlikheid bestaan dat daar êrens op 'n geskikte plek in Suid-Afrika 'n reuse-fabriek opgerig sal word wat o.a. vliegtuie sal vervaardig. Die blad het voorts gemeld dat mnr. Messerschmitt vier dae in Kaapstad deurgebring het en samesprekinge met byna al die lede van die kabinet gehou het en dat hy gesê het dat hy baie goed deur die regering ontvang is.

„Die Engelse pers het begin lawaai maak oor Messerschmitt se besoek — amper asof hulle die stuipe wou kry by die blote gedagte dat die vyand van die Britte miskien 'n wapenfabriek in Suid-Afrika kan oprig!

### ONTKENNING

„Te midde van die Engelse pers se gissings oor die gesprekke wat Messerschmitt en die Unie se ministers gevoer het, het Die Burger 'n verklaring

(Vervolg op bls. 4. kol. 5.)

# RUSLAND ONTPLOF NOG 'N ATOOMBOM

**„Nog 'n atoombom het in Sowjet-Rusland ontplof," het die President van die Verenigde State verlede week aangekondig. Heeltemal onverwags het Josef Stalin die aankondiging bevestig deur verlede Saterdag te verklaar dat die Sowjet atoombomtoetse uitgevoer het en dat toetse met verskillende soorte atoombomme in die toekoms uitgevoer sal word.**

Op 23 September 1949 het die regerings van die Verenigde State, Brittanje en Kanada 'n gesamentlike verklaring uitgereik waarin hulle bekend gemaak het dat Sowjet-Rusland in besit is van die atoombom.

President Truman se verklaring van verlede week lui dat die jongste ontploffing van die atoombom in Rusland bewys dat die kommuniste voortgaan om atomiese wapens te vervaardig ten spyte van die voorwendsel dat hulle atoomkrag ontwikkel slegs vir vredesdoeleindes. **Die president het nadruk gelê op die noodsaaklikheid van internasionale beheer oor atoomkrag wat deur die Verenigde State en die meerderheid van die ledelande van die V.V.O. voorgestaan word.**

Stalin se bevestiging van die Amerikaanse aanskondiging is in 'n onderhoud aan Pravda gedoen. Daarna is dit herhaaldelik oor die Russiese radio uitgesaai. Stalin het gesê dat hy ook ten gunste daarvan is dat die vervaardiging van atoomwapens verbied moet word.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 OKTOBER 1951

# KRUGER SE BOODSKAP

Byna 'n halwe eeu het verloop sedert die Afrikanervolk by die graf afskeid geneem het van Paul Kruger, en die vraag kan vandag gestel word of hierdie groot Afrikaner nog 'n boodskap het vir sy volk in die tyd waarin ons lewe. Die voorkoms van die land waarin hy geveg en gelewe het, het in die jare wat verby is onherkenbaar verander. Magtige bouwerke het verrys as monumente van rykdomme wat ontgin is en daarbinne en rondom woel en werskaf 'n volk vir sy daaglikse brood. Die land waarin hy regeer het tel maar vandag as een enkele provinsie van die staat waarin ons woon, en die vyand teen wie hy geworstel het, is vandag 'n „kameraad" met wie seuns van ons volk agter geslote deure beraadslaag oor die mees intieme sake van ons volksbestaan. Die barbaar teen wie Kruger geveg het, woon by ons stede waar hy sy kragte gee aan die verwerwing van groter rykdomme vir ons land. Watter boodskap kan Kruger en sy mede-Oktoberhelde dan vir ons hê? Van die dinge wat hy opgerig het en die stelsels wat hy geskep het, het daar niks oorgebly nie. Dit is vervang deur ander dinge waarmee ons beter vertroud geraak het. Waarom sal ons, kinders van die Atoomeeu, dan nog luister na die boodskap van hierdie man van die Ossewa-eeu?

Maar Kruger het meeste van die toestande wat ons genoem het reeds vooruit gesien. 'n Verenigde Afrikanerdom „van Sambesie tot aan Simonsbaai" was reeds sy ideaal en die rykdomme het hy reeds verwelkom . . . en beween. Die neerbuigende glimlag van die veroweraar het hy reeds gesien en die puinhope van sy werk het hy self aanskou. Maar dit het hom nie in wanhoop laat versink nie. Op sy sterfbed het hy aan sy volk daar tussen die puinhope van die verlede laat weet om alles wat goed en mooi is uit die verlede te neem en daarvolgens 'n ideaal te vorm en daardie ideaal in die toekoms te verwesenlik.

## BOTSING TUSSEN LEWENSWYSES

Toe Kruger eenmaal in Frankryk gehuldig is, is van hom gesê dat hy die verteenwoordiger van 'n klein volkie is, maar van 'n groot idee. En daardie groot idee was: Wees jouself. Daarom was die stryd tussen Kruger en die Britse imperialisme nie 'n botsing oor rykdomme nie. Dit het gegaan om die sielsbehoud van die Afrikanervolk. **Dit was 'n stryd tussen die Afrikaner se lewenswyse en die Britse lewenswyse. Moes Afrika verbrits word of moes dit verafrikaans word? Dit was die wese van Kruger se stryd.**

**Hierdie stryd is nog nie beslis nie. Ons sien dit woed in die aangrensende gebiede waar selfs enkele dae gelede 'n Britse minister van kolonies in die volgende woorde uitdrukking gegee het aan die imperialistiese idee toe hy hom uitgespreek het teen die opgang van Afrikaners benoorde die Limpopo:**

> **„Daar is een ding waaroor blankes sowel as naturelle dit eens is, en dit is getrouheid aan die koning, die vasberadenheid om die verband met Brittanje en die Britse lewenswyse te bewaar en om hul politieke toekoms onder die besieling van Brittanje uit te bou."**

Die Britse lewenswyse, ja, en Britse besieling vir die Britse kolonies aan ons grens. Maar hoe staan dit binne ons eie grense? Het ons grond om aan te neem dat Kruger se stryd tot 'n gunstige beslissing gevoer is?

Een van die belangrikste afdelings van ons openbare lewe, die staat self, is nog op Britse lees geskoei. So skryf Die Burger van 1 Oktober jongslede nog heel openhartig in sy buitelandse oorsig:

> „Aangesien ons Parlementêre stelsel op Britse lees geskoei is, spreek dit vanself dat daar 'n groot ooreenkoms tussen ons kieswette en -prosedure en die Britse bestaan."

**Hoe kan ons volk homself ten volle uitleef en laat geld wanneer hy homself moet behelp met Britse stelsels — al is hulle vertaal? Hoe kan ons volk die vreemdelinge wat hy benodig vir die ontginning van sy rykdomme verafrikaans wanneer die staat 'n Britse karakter het sodat selfs taalverwante immigrante in die verlede teen die Afrikaner gedraai het? Hoe kan ons ons jeug en dié van die immigrant tot ware patriotisme besiel wanneer bykans alles buitekant die kerk waarin hulle gedoop word die Britse stempel dra? Wanneer ons volk met dié van ander Britse volke in die Statebond so 'n „gemeenskaplike en algemene uitkyk op die lewe" het dat dr. Malan dit selfs as 'n sterker band tussen Empire-lande beskou as die Britse koning?**

Is dit dan 'n wonder dat denkende mense aan ons universiteite kla oor die passiwiteit van ons studentejeug en dat aan 'n groot Afrikaanse universiteit soveel as vier mislukte pogings aangewend moet word om 'n Afrikaanse studentebond in die lewe te roep?

Seer sekerlik het ons volk vandag 'n behoefte aan 'n boodskap van Paul Kruger, en daardie boodskap moet gebring word deur diegene wat nog nie bedwelmd geraak het deur die Britse atmosfeer wat ons van ons geboortetot ons sterfdag inadem nie. Daardie boodskap is nie net om Afrikaans te wees en die Afrikaanse stempel af te druk nie, maar ook om soos Kruger en sy strydgenote so onversetlik te wees in die nastrewe van hul ideale dat hulle al ondergaande nog die vinger kon wys op die goeie van die eie verlede.

# Van Die Os Op Die Esel

**Deur Sybrand**

### Verdwyning Van Die Joodse Vraagstuk

Ek lees in die koerante dat Jode in al vier provinsies van die Unie en in Suidwes-Afrika, lede van die nuwe Nasionale Party sal kan word. Die jongste kongres van die Transvaalse Nasionale Party, wat onlangs in Pretoria gehou is, het die bepaling opgehef wat Jode verbied het om lede van die Party te word. Die verbod op Joodse lidmaatskap is 'n oorblyfsel uit die anti-Joodse dae van die Party.

Die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes verklaar: „Ons wil graag in die skrapping van die verbod op Joodse lidmaatskap die verdwyning van die laaste sweempie van die sg. Joodse vraagstuk uit die openbare lewe van hierdie land sien." Die blad voeg daaraan toe dat „die instelling van die verbod in 1937 'n treffende voorbeeld was van die mate waarin vreemde leerstellinge van rassehaat en onverdraagsaamheid destyds in die geledere van die Nasionaliste ingedring het."

### Mede-Afrikaner En Die Jood

Die Nasionale Party het destyds teen die Jode gediskrimineer „omdat hulle onassimileerbaar is." Op 'n later datum het die Nasionale Party ook teen O.B.-lede gediskrimineer omdat „hulle aan 'n organisasie met 'n politieke strekking behoort." Ten aansien van hulle diskriminasiebeleid het die Nasionale Party die Jode en die O.B.-lede oor een kam geskeer.

Dit het in die verlede gebeur. Wat gebeur in die hede? Ten aansien van die opheffing van hulle diskriminasiebeleid skeer die Nasionale Party beslis nie die Jode en die O.B.-lede oor een kam nie.

Die nuwe Nasionale Party bepaal dat 'n persoon wat lid is van 'n organisasie met 'n politieke strekking nie lid mag word van die party nie; **maar daar is geen bepaling wat lui dat 'n persoon wat onassimileerbaar is nie lid van die Party mag word nie.** Die Jode se sonde van onassimileerbaarheid is hulle blykbaar vergewe, maar die Ossewabrandwag se sonde om volkspolitiek te bedryf word hom nog steeds ten kwade toegereken.

Die politieke party se handelswyse staan in skrille kontras met die Ossewabrandwag se belydenis dat die mede-Afrikaner wat teen my stem tog nader aan my staan as die Jood wat vir my stem.

### Geheim Van die Ewige Aardse Lewe

Mnr. D. N. Murray van Johannesburg het 'n mededeling gedoen aan die afgevaardigdes na die welsynskonferensie, wat onlangs in Kaapstad gehou is, wat beslis Josef Stalin van die Kremlin se belangstelling gaande sal maak. Mnr. Murray het naamlik vertel van 'n Amerikaanse professor wat beweer dat daar hoegenaamd geen rede is waarom mense nie 130 jaar oud sal word nie. Dit is die soort bewering waarvan Josef Stalin baie sal hou.

Dit is bekend dat Stalin nie graag wil doodgaan nie. Op sy dringende bevel is kommunistiese langkoppe dag en nag besig met die ontrafeling van die geheim van die ewige aardse lewe. Maar hulle het nog nie die geheim ontdek nie. En in die tussentyd word Stalin oud — net soos ander mense. Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat Stalin baie belang sal stel in die bewering van die Amerikaanse professor oor die moontlikheid dat 'n mens 130 jaar oud kan word.

Ek weet nie presies waarom Stalin so bang vir die dood is nie — miskien is dit omdat so baie van sy onderdane en gewese onderdane so bang vir die lewe is.

### Negers Se Losbandigheid Is Duitsers Se Probleem

Sedert die beëindiging van die oorlog teen Duitsland, het die problemelas van die Duitse volk geweldig hoog opgelaai. Op elke terrein van die lewe het die Duitsers voor byna onoorkomelike probleme te staan gekom; trouens die gewone gang van die alledaagse lewe het die grootste probleem opgelewer.

Net soos miljoene ander mense, in alle dele van die wêreld, het ek in die afgelope jare so dikwels verneem van die probleme van die Duitse volk, en van die groot verskeidenheid van die probleme, dat ek gedink het ek ken hulle almal teen hierdie tyd. Maar ek het my misgis. Ek het onlangs van 'n nuwe „Duitse" probleem gehoor, wat my werklik verbaas het.

Daar is meer as 10,000 onegte Negerkinders in Duitsland, en hierdie Negerkinders word deur sowel die Amerikaanse leërowerheid as die Negers self, beskou as „'n suiwer Duitse probleem." Dit word verklaar dat die 20,000 Negersoldate in Duitsland hulle gedurende die ses jaar van die besetting „tot eer van hulle ras en van die Verenigde State" gedra het. Die enigste hoofbrekens wat hulle die leërowerheid besorg het, het voortgevloei uit hulle omgang met Duitse meisies, „maar die 10,000 onegte Negerkinders word beskou as 'n suiwer Duitse probleem."

Mag is darem somtyds baie gerieflik. Die losbandigheid van die Negersoldate is nie 'n Amerikaanse of 'n Negerprobleem nie. O nee. Dit is 'n suiwer Duitse probleem. En daarom is die gedrag van die Negersoldate in besette Duitsland nie 'n skande nie, maar 'n eer vir die Verenigde State! Die Amerikaners geniet die eer en die Duitsers sit met die probleem, want Mag is Reg.

### Pyn, Smart En Verslaentheid Van Die Enkeling

In die goeie ou dae het die oorlogvoerendes soldate op die slagveld doodgemaak. Deesdae is soldate nie die enigste, of selfs vernaamste slagoffers van 'n oorlog nie. Die burgerlike bevolking — hoofsaaklik vroue ens in hulle huise en kindertjies op hul speelgronde — het die skyf van die vyand geword. In die moderne oorlogvoering kom bevolking teen leër te staan en nie leër teen leër nie.

Dit is ontstellend dat hele weerlose bevolkings van groot stede uitgewis kan word. Dit is verskriklik om daaroor te dink, maar sodanige rampe is skouspelagtig en bekend. Ek wil nie nou uitwei oor hierdie sogenaamde massa-rampe van die oorlog nie. Ek wil eintlik my lesers se aandag bepaal by die pyn en smart en verslaentheid van enkelinge — mense soos u en ek — wat deel uitmaak van die gewone en onbekende naweë van totale oorlogvoering.

Niemand weet wat in 'n ander mens se hart omgaan nie, maar die omvang van hierdie pyn en smart en verslaentheid kan enigsins bepaal word deur die na-oorlogse selfmoordsyfers. Volgens koerantberigte is die selfmoordsyfer vir Europa vandag hoër as wat dit nog ooit in menseheugenis was. Ek beskik ongelukkig nie oor die syfer nie. Maar ek sal die selfmoordsyfer vir Japan aangee.

Elke dag pleeg 62 mense in Japan selfmoord. Elke twee uur bring vyf Japannese hulleself om die lewe. Na ses jaar van vrede eis die oorlog nog elke dag 62 slagoffers in Japan. Dit illustreer vir ons op skokkende wyse hoe geweldig hoog die prys is wat in terme van persoonlike pyn, smart en verslaentheid vir oorlog moet betaal word.

### Die Wêreldmening Beïndruk Hulle

Ek lees dat mnr. Piet Meiring, wat aan die redaksie van Die Transvaler verbonde is, en wat so pas teruggekom het van 'n reis deur Europa, in Johannesburg verklaar het dat alle Suid-Afrikaners in die buiteland Nasionaliste is. Nou wil ek die vraag stel: Hoeveel Suid-Afrikaners bly nasionaliste nadat hulle in Suid-Afrika teruggekeer het?

Toe ek 'n student was, het daar twee menings bestaan oor die vraag of die Engelse universiteite in Suid-Afrika nasionaalgesindes maak van hulle Afrikaanssprekende studente. Hierdie vraag is nooit, in my tyd, tot almal se bevrediging beantwoord nie. Maar ek het later uitgevind dat die nasionaalgesindes aan Engelse universiteite bedroef min is — ten spyte van groot getalle Afrikaanssprekende studente aan daardie universiteite. My eie mening is dat die Engelse universiteite nie nasionaalgesindes van hulle Afrikaanssprekende studente maak nie.

Ek is nie in staat om te ontken dat Suid-Afrikaners in die buiteland die „Nasionaliste" se standpunt stel nie, maar ek is wel in staat om te beweer dat baie Suid-Afrikaners, wat uit die buiteland terugkeer, in Suid-Afrika die buiteland se standpunt stel. As ek sulke mense hoor praat dink ek onwillekeurig aan die storie wat van wyle genl. Smuts vertel word. Dit kom hierop neer. Hy het 'n Sap geword nadat hy geweldig onder die indruk gekom het van die mag van die Britse Ryk en van die nietigheid van die Afrikanervolk.

As Suid-Afrikaners uit die buiteland kom en vertel van die wêreldmagte en die wêreldmening wat krities en vyandiggesind staan teenoor klein en nietige Suid-Afrika, dan volg daar altyddeur die waarskuwing dat Suid-Afrika moet oppas, versigtig moet wees, toegewings moet maak, of iets dergeliks.

Dit is uitstekend dat Suid-Afrikaners die nasionaalgesinde standpunt in die buiteland stel; maar daardie Suid-Afrikaners moet tog oppas dat hulle nie te veel deur die wêreldmening beïndruk word nie.

### Wat Is Dissipline?

'n Leseres, mev. S. Crawford, Donkinstraat 50, Beaufort-Wes, skryf aan my dat sy „baie graag wil weet wat die woord **dissipline** beteken." Haar versoek aan my is om asseblief die betekenis breedvoerig uit te lê. Ek voldoen baie graag aan my leseres se versoek.

Ek sal eers 'n paar voorbeelde aanhaal.

Die Christenmens wat probeer om te lewe volgens Christelike voorskrifte onderwerp hom aan die Christelike dissipline.

(Vervolg op bls. 3 kol. 4.)

# VRYHEID VAN BEWEGING NIE VIR ALMAL

**Elke Jood, wanneer hy na Duitsland kom van watter land ookal, het in Duitsland vryheid en reg. Die heerlike geskenk gebruik en buit hy uit soveel as hy kan. As 'n verplaaste persoon het hy nog besondere regte; niemand mag hom iets aandoen of beledig nie; hy staan onder beskerming van die oorwinnaar. Duitsland is verplig om hom 'n onderdak en kos te gee en niemand het die reg om hom in die uitoefening van sy besigheid te hinder nie.**

**So het tot nou toe dertig Jode in die kampe vir verplaaste persone in Duitsland dollar-miljoenêrs geword. Nadat hulle die miljoene ingepalm het, is hulle na ander lande. Maar 'n Duitse patriot, kaptein Otto Strasser, van die eerste Beierse veldartillerie-regiment, die held van Ypres, van Cambrai, van Somme en van Verdun, mag nie na sy geboorteland terugkeer nie, omdat hy die leier is van 'n nasionale beweging met die leuse: Nòg Washington, nòg Moskou, maar Duitsland.**

Die eerste Beierse veldartillerie-regiment het oor die geskiedenis van dié regiment en oor sy helde 'n vergulde boek geskrywe; ek haal hier slegs 'n paar reëls aan:

Die dapperste van die dappere, eerste luitenant Strasser, is twee keer gewond . . sy kolonel het twee keer aan die koning van Beiere voorgestel om aan Strasser die Max Joseph-Orde te verleen . . . . op dieselfde tydstip stel graaf Hertling voor aan die Duitse Keiser die verlening van die **„Huis-Orde van Hohenzollern."**

En so gaan dit aan; dit sal te veel wees om alles hier te herhaal. Met die verlening van die Max Joseph-Orde gaan saam die verheffing tot die adelstand. Strasser sou dan gewees het: **Ritter von Strasser.**

Maar die rewolusie breek uit en Keiser Wilhelm asook koning Ludwig van Beiere moet bedank en die dokumente vir Strasser kan nie meer geteken word nie.

Die leser kan uit die historiese boekstawing sien wat 'n bekwame en dappere soldaat dr. Otto Strasser was.

**Hierdie Duitse patriot en held mag egter nie na sy geboorteland terug keer nie, maar elke Jood uit Rusland, uit die Fartare-land, uit Mongolië, mag na Duitsland kom en die Duitse regering moet hom as gas ontvang.**

### BANG

Hoekom is dit dat Strasser nie mag terug kom nie? Omdat die partye wat vandag in Duitsland aan die bewind is bang is vir Strasser. So bang dat hulle die oorwinnaar gevra het om hom in 'n kunsmatige gevangenisskap te hou.

Strasser lewe in Kanada, maar hy het geen paspoort om na Duitsland terug te keer nie. Geen regering is gewillig om aan hom 'n tussentydse paspoort te gee nie ofskoon die land waar hy woon (Kanada) deur internasionale wette verplig is om aan hom 'n tussentydse paspoort te gee. Maar oorwinnaars steur hulle nie aan wette nie.

Die Eerste Minister van Kanada, Louis S. St. Laurent, was voordat hy eerste minister geword het, minister van justisie. In die hoedanigheid het hy 'n brief aan dr. Strasser geskrywe waarin hy die volgende woorde besig:

**„Ek is oortuig dat u bevrediging sal kry."**

Die president van Amerika, Truman, sê in 'n brief aan die koerant "Journal American": „Die lede van die V.V.O. het die bittere ervaring opgedoen dat die respek vir menslike reg 'n noodwendigheid vir politieke, ekonomiese en sosiale vooruitgang is. Die lede het ook ondervind dat die niewaardering van die regte die begin van tirannie en oorlog is."

### INVLOEDE WEERSTAAN

Maar nogtans doen die hoë staatsministers niks in die geval van Strasser nie en elkeen skuil agter 'n ander, want dit **is die doel van Washington, Londen en Bonn om Strasser van Duitsland weg te hou,** uit vrees dat die Duitse arbeidersparty die bewind kan verower en Strasser nie 'n omkoopbare politikus is nie. Selfs Hitler kon hom nie koop of dwing nie.

## Deur Ski

Dr. Strasser was die eienaar en hoofredakteur van 'n aantal nasionaal-sosialistiese koerante in Noord-Duitsland. Uit vertroubare bron het hy verneem dat Hitler nie gewillig was om die partyprogramme ten volle uit te voer nie. Strasser verskyn by Hitler en vra hom of die gerugte op waarheid berus. Hitler, wat Otto baie goed ken as 'n man van hoë intelligensie, wil hom nie verloor nie en maak aan hom 'n aanbod wat woordeliks lui:

**Kyk, Otto, dit het geen doel om met 'n intelligente en onverbeterlike idealis soos jy oor die vraag te stry nie . . .** maar ek is gewillig om jou aandele van die koerant-besigheid met 80,000 R.M. op te koop, en ek bied jou die posisie aan as die hoof van die Rykspers met 'n salaris van 'n Ryksminister.

Strasser antwoord: **Mnr. Hitler, ek het nie hierheen gekom om iets te verkoop nie en ook nie om 'n betrekking te vra nie . . . die een ding wat ek graag wil weet is: is u gewillig om, nadat u aan die bewind gekom het, die partyprogram uit te voer?**

Hitler: **„Nasionaal-sosialisme is vir die domme."**

Strasser: **„Dan het u die volk belieg,"** Strasser is toe weg en die stryd begin tussen Strasser en Hitler.

### DEUR RUSSE GENADER

Die Russe het na die oorlog 'n groot aantal Duitse nasionale leiers vir hulle politiek gewen deur die aanloklike frase: **ons gee jou meer as die Weste; ons sal die Ooste met die Weste verbind en een Duitsland daarvan maak.**

Ook Strasser, die in die ooglopende nasionale leier, wou hulle nader, maar hy weier om met die Russe in aanraking te kom. Die Russe vind uit wie Strasser se plaasvervanger is en nader hom. Die Russiese aanbod is verrassend:

(1) Vorming van 'n Vaderlandsfront.
(2) Strasser eerste minister.
(3) **Vir die verlore Oosgebiede aan Pole vergoeding deur Holland, België, Luxemburg en Elsas-Lotaringe in die Weste.**

Toe Strasser dit hoor word hy woedend en sê: **Dit is 'n misdaad aan Europa en met misdadigers wil ek niks te doen hê nie. Ek wil nie Washington se dienaar wees nie en ook nie Moskou s'n nie; ek het my lewe en strewe aan Duitsland verbind.**

Die Duitse regering, wat van die guns van die oorwinnaar afhang, is terselfdertyd afhanklik van die Rooms-Katolieke politiek. Die katolieke politiek word in Duitsland deur drie partye verteenwoordig, nl. C.D.U., die C.S.U. en die Zentruumspartei. Die Duitse Bondskanselier, dr. Adenauer, is die leier van die C.D.U. (christelike demokratiese unie). Die Duitse volk noem die katolieke politiek ultra-montanepolitiek omdat dit afhanklik is van die pous wat anderkant die Alpe woon.

### ROOMSE KERK

En dit was ook die pous (verteenwoordig deur kardinaal Spellman in New York) se politiek dat McCloy hoë kommissaris van die V.S.A. in Duitsland geword het, aangesien hy 'n katoliek en familie van dr. Adenauer is.

Na die oorlog het die Katolieke Kerk in Europa swaar verliese gely. Selfs priesters en biskoppe het hul van Rome losgemaak en 'n nuwe Katolieke Kerk gestig. So het Europa 'n slagveld vir die Katolieke Kerk geword. Nadat Rome een posisie na die ander verloor het, wil die pous Duitsland as 'n bolwerk teen die heiden uitbou. Om dit reg te kry moet die Katolieke partye die heerskappy in hulle hande hê. Alle politici wat nie gewillig is om bevele van Rome te ontvang nie, word in die koue gelaat. So het dr. Adenauer dit reggekry om dr. Heinemann, 'n Bondsminister wat die verteenwoordiger van die Lutherse Kerke was, uit die regering te skop.

Net so is dit ook in die geval van dr. Otto Strasser. Die ultramontane-politiek is teen hom omdat hy nie na vreemde pype sal dans nie.

Dr. Adenauer speel dieselfde rol as wat generaal Smuts in Suid-Afrika gespeel het. Adenauer omring hom met ministers wat swak is in politiek en nog swakker in die kuns om te regeer. So is elke minister afhanklik van Adenauer en Adenauer is die man wat die politiek van Amerika en Rome uitvoer.

### FAMILIE

McCloy en Adenauer is nie alleen getroue dienaars van die Katolieke Kerk nie, maar is ook aangetroude familie. Gussi, die oorlede vrou van dr. Adenauer, en Ellen, die vrou van McCloy is niggies. Die geboortevan van die twee dames is Zinsser. **John Zinsser, 'n neef van die twee dames, is direkteur van die Bank Morgan in New York. Die Bank Morgan is die administrateur van die pous se besittings. G. P. Morgan, die eienaar van die bank, is nie alleen 'n vriend van die pous nie, maar ook 'n vriend van Bernard Manes Baruch, die keiser van Kapitalisme en die hoof van die vrymesselaars.**

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

J. P. Morgan en B. M. Baruch was nie alleen die finansiers maar ook die bestuurders van Roosevelt se verkiesingsveldtogte. Winston Churchill is 'n vriend van Baruch en elke keer wanneer Churchill in Amerika vertoef, is hy 'n gas van Baruch.

Ek is in staat om die soeklig nog vir 'n lang tyd op die eienaardige betrekkings Pous-Baruch - Morgenthau - Roosevelt - Churchill - McCloy en Adenauer te hou, maar ek dink die flitsfoto is vir die leser duidelik genoeg om te verstaan wie teen die terugkeer van dr. Otto Strasser is en waarom.

### V.V.O.-WOORDE

Vir die leser sal dit ook nog baie interessant wees om te weet hoe die volke deur die V.V.-organisasie belieg en bedrieg word.

Die V.V.O. het in sy verklaring van 10 Desember 1948 die volgende paragrawe neergeskrywe:

(1) Elkeen het die reg op vryheid van beweging en woonplek binne die grense van elke staat.
(2) Elkeen het die reg om enige land te verlaat, ingesluit sy eie land en terug te keer na sy eie land.

Die leser sal sekerlik nog die paspoort-aangeleenthede van dr. Dönges teen dr. Dadoo, onthou. Die hele wêreld was vir Dadoo en teen dr. Dönges omdat Dadoo 'n kommunis was en minister Dönges 'n nasionalis.

In die geval van dr. Strasser swyg die wêreld, want hierdie keer is Strasser 'n nasionalis.

# Van die Os op die Esel

(Vervolg van bls. 2 kol. 5.)

Die soldaat wat sy offisier se bevele gehoorsaam onderwerp hom aan die militêre dissipline.

Die seun of dogter wat nie die skool se reëls oortree nie onderwerp hom of haar aan die skool se dissipline.

Die Afrikaner wat saam met sy volksgenote die vervulling van sy volk se roeping nastreef onderwerp hom aan die volk se dissipline. Dit is wat die Ossewabrandwag onder dissipline verstaan.

Die Ossewabrandwag voer die stryd om die Afrikanervolk se ideale te verwesenlik, trouens die O.B. is die voorhoede van die Afrikanervolk wat in beweging is na sy bestemming. Derhalwe glo die O.B. dat elke Afrikaner gedissiplineer moet word om hierdie beginselstryd enduit te stry — al lewer die stryd ook nie onmiddellike beloning nie. Dit het in die verlede geblyk dat baie Afrikaners dit nie so maklik vind om hulle aan die volk se dissipline te onderwerp nie. Hulle vind dit dikwels moeilik om getrou te bly aan beginsels, vernaamlik as daardie getrouheid vir hulle die slagoffers van mislukking maak.

Dit ly geen twyfel dat die beroepspolitici en die politieke partye hulle skuldig gemaak het aan verregaande ongedissiplineerdheid nie. Die politieke partye veg net vir mag en baantjies. Hulle ken nie die dissipline wat spruit uit beginseltrou nie; hulle ken net die opportunisme wat vir hulle die gunstelinge van sukses kan maak. Daarom het die dissiplinering van die volk en sy leiers noodsaaklik geword.

In sy diepste wese het die woord „dissipline" derhalwe vir die O.B. 'n etiese betekenis.

### *Verwarring*

Ten slotte wil ek waarsku dat die begrippe „volksdissipline" en „militêre dissipline" tog nie met mekaar verwar moet word nie. 'n Volkslid word gedissiplineer om, sonder afwyking, te streef na die vervulling van sy volk se roeping. Hy word gedissiplineer om koers te hou.

Daarenteen word 'n soldaat gedissiplineer om sy bevelvoerder se bevele te gehoorsaam. Hy word gedissiplineer om blindelings te volg. Die geskiedenis vertel van volke wat die twee begrippe verwar het en wat hulle onderwerp het aan die militêre dissipline. Daarmee het hulle egter die vryheid prysgegee en 'n diktatuur oor hulle gestel.

## Statebond Is Broederskap Van Kleure

Op die kongres van die Britse Arbeidersparty het die voorsitter verklaar:

„Die Arbeiderbeweging het 'n nuwe Statebond teweeggebring wat die kontinente oorbrug en die mense van verskillende kleure, rasse en gelowe byeengebring het. Dit is gedoen in die gees van broederskap en ons is onder die verpligting om op die pad voort te gaan."

## *Kleurlinge Se Stemreg*

Een van die mees strydwekkende hofsake in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gereg, nl. die toetsing van die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, het gister in die Kaapse Hooggeregshof begin.

## DIE BAAI SE GROEI

**Interessante syfers met betrekking tot Port Elizabeth word verstrek in die nywerheidsbyvoegsel tot die jongste naweek-uitgawe van die Evening Post.**

Gedurende die afgelope 20 jaar het die jaarlikse bedrag wat die stad se nywerhede aan lone uitbetaal het agt keer vermenigvuldig. In 1930 was dit amper £1,000,000 en vandag word dit gestel op meer as £8,000,000 per jaar. Die aantal arbeiders het in dieselfde verhouding toegeneem. In 1930 was daar 4,000 arbeiders werksaam in die stad se nywerhede en vandag is daar ongeveer 30,000.

### GROEI

Die gemiddelde loon van die blanke arbeiders was £164 per jaar in 1934. In 1948 was dit £390 per jaar. Die gemiddelde loon van die nie-blanke arbeiders was £64 in 1934 en £139 in 1948. In 1934 was die nettoproduksie van die stad se fabrieke £2,551,000 en in 1948 was dit £15,248,000.

**Dit blyk uit hierdie syfers dat die gemiddelde lone van die werkers gedurende die tydperk 1934—1948 ongeveer twee-en-'n-half keer verdubbel het. Daarenteen het die netto-produksie van die fabrieke gedurende dieselfde tydperk ongeveer ses keer verdubbel.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

BOTHA.—'n Fris dogter vir Ben en Marietjie die eerste Oktober in die Algemene Hospitaal te Stellenbosch. Ons dank aan God, die Gewer van alle lewe en ons opregte waardering aan ons geneesheer en verpleegsters. — Posbus 99, Robertson.

### VERLOWING

VAN DER SPUY—TOMLINSON. — Die verlowing word bekend gemaak van Marie, dogter van mnr. en mev. Gordon Tomlinson, van Vredefort, met Danie, seun van mnr. en mev. S. J. van der Spuy, van Bloemfontein. 10/10/1

VAN ROOY — TOMLINSON. — Die verlowing word hiermee bekend gemaak van Baby, jongste dogter van mnr. en mev. Gordon Tomlinson, van Vredefort, en Gerard, jongste seun van prof. en mev. Dirk van Rooy, van Potchefstroom. 10/10/1B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### *Intekenvorm*

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van...........................***

***.............................vir die eerste..........................maande.***

***NAAM.......................................................***

(Naam en Adres in Blokletters)

***POSADRES.................................................***

***.............................................................***

***.............................................................***

***.............................................................***

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# Partystigting Is Demokratiese Reg Sê Rhodesiese Blad

**Die Volksgenoot, die Afrikaanse koerant in Suid-Rhodesië, het hom verlede week soos volg uitgedruk oor die veldtog wat teen die Afrikaners in die gebied ontketen is ten gevolge van die stigting van die Demokratiese Party van Suid-Rhodesië:**

**„Dit is jammer dat die stigting van 'n nuwe politieke party in Suid-Rhodesië gepaard gegaan het van soveel aantygings van rassepolitiek.**

**„Die stigting van nuwe partye in 'n demokratiese staat wat op die partystelsel georganiseer is, is iets heeltemal konstitusioneel en selfs wenslik. Alleen deur die stigting van partye kan politieke belange hulle in 'n staat soos hierdie effektief in die landspolitiek laat geld; en deur die moontlikheid om nuwe partye te stig word verhoed dat enige een politieke belang of politieke party 'n alleenreg op die staatsbeheer verkry en so 'n partydiktatuur in die lewe roep.**

### BURGERLIKE REG

„Burgers van 'n demokratiese land het onder die partystelsel dus altyd die moontlikheid om politieke sienswyse en aspirasies voor die publiek te stel binne die raamwerk van 'n politieke party se program van beginsels. Enige burgers wat dié reg ontsê word sal mettertyd onterf voel in die land van hul burgerskap.

**„Wanneer Rhodesiërs in hierdie land 'n party stig, is dit dan ook tot groot mate 'n bewys van aktiewe belangstelling in die land se sake en van 'n begeerte om heeltemal tuis te wees in die land se politieke samestelling.**

### RASSEPOLITIEK

„Hierom is dit jammer dat die stigting van 'n party in sommige kringe 'n ophef oor rassepolitiek veroorsaak het. Afbrekende kritiek wat die indruk van vyandigheid kan skep, kan sake in 'n ongewenste rigting stuur. Die aantyging van rassepolitiek kan juis daarin slaag om die aandag pertinent te vestig op rasseteenstelling en dus die politieke stryd in daardie rigting stuur terwyl dit veel eerder in die rigting van ekonomiese en ander beleid kan gaan."

# N.P. Bepleit Nog Koelie-Republiek

**„Die kongres van die Nasionale Party van Transvaal het heelwat opskudding veroorsaak en ongelukkig nie net onder die Sappe nie," skryf adv. Pirow se Nuusbrief. Hy verklaar:**

„Die toppunt van opportunisme het die kongres bereik met sy behandeling van die republikeinse vraagstuk soos blyk uit onderstaande inleidingsartikel van Die Transvaler. Ons wil net daaruit twee punte aanstip:

### KONINGSKAP

(a) **„Die republiek wat voorgestel word, is 'n Koelie-republiek binne die Britse ryk. Want, let wel, net nog een skof lê voor, nl. die uitskakeling van die koningskap."**

Vervolgens haal die nuusbrief soos volg uit Die Transvaler aan:

„Deur hierdie verklarings (op die kongres) is die republikeinse strewe van die nasionale Afrikanerdom opnuut aan Suid-Afrika en aan die wêreld gestel, maar veral ook aan die nasionaliste self. Hulle weet waarheen hulle wil.

**„Op die trek daarheen het hulle gevorder tot waar die voor-os-juk geval het aan die einde van die voorlaaste skof. Nog net een skof lê voor: die uitskakeling van die koningskap, wat hier nooit 'n volkverenigende funksie kan vervul nie, maar steeds 'n faktor van verdeling sal wees."**

### NIE HAASTIG NIE

Die tweede punt wat die Nuusbrief aanstip, is:

(b) **„Mnr. Strydom en dr. Malan is dit in alle opsigte eens dat die republiek sonder oorhaastigheid verkry moet word. Ons sien ook geen ander weg oop nie maar is dit wat mnr. Strydom en die Gesuiwerdes gedurende die algemene verkiesing beloof het?"**

As motivering vir hierdie punt haal die Nuusbrief soos volg uit Die Transvaler se hoofartikel aan:

**„Hierdie situasie gebied, in die wyse woorde van dr. Malan, geduld, takt en verantwoordelikheidsgevoel; of in die woorde van adv. Strydom dat ons stap vir stap, sonder oorhaastigheid, op ons doel afstuur."**

# Verkiesing En Ryksbeleid

**Die aanstaande Britse verkiesing op 25 Oktober is veral vir die Britse kolonies van groot belang, skryf Die Volksgenoot. Die blad sê:**

„Die moontlikheid van 'n bewindsverandering skep allerlei bespiegelinge of 'n veranderde ekonomiese en ryksbeleid mag intree.

„Hoe die verkiesing uitval en die ekonomies toestand in Brittanje verander is natuurlik veral belangrik vir Suid-Rhodesië omdat sy ekonomie so nou met dié van Engeland verbind is.

„Die lande van Afrika sal ook, in geval die Konserwatiewe Party weer die bewind verower, met groot belangstelling wag om te sien of, en in watter mate, dit Brittanje se houding teenoor die Kolonies sal beïnvloed. Die algemene verwagting sal stellig wees dat die party van Churchill 'n behoudende en positiewe beleid in die ryk sal volg."

# Wonderlike Duitse Herstel

**Binne 'n paar jaar sal die Duitse nywerhede die modernste toerusting van die hele Europa hê en hul mededingers sal hulle kragte moet inspan om nie agter te bly nie, het mnr. L. M. Baerveldt, direkteur van 'n bekende Johannesburgse ingenieursbedryf in 'n onderhoud met Die Vaderland verklaar.**

Vier jaar gelede het hy dieselfde Duitse fabrieke gesien, het mnr. Baerveldt vertel. Toentertyd was daar feitlik net puinhope, en hy het gedink dat dit minstens 15 jaar sou duur voordat Duitsland weer tot grootskeepse produksie in staat sou wees. Deskundiges van die besettingsowerhede was dieselfde mening toegedaan.

### VERSTOM GESTAAN

Die opbouwerk wat die Duitsers in hierdie kort tydperk verrig het, het hom verstom laat staan het mnr. Baerveldt erken. Waar die puinhope was, staan tans groot fabrieke en mooi kantoorgeboue. Die toerusting is van die modernste wat in Europa te sien is.

Na mnr. Baerveldt vertel, het dit dikwels gebeur dat Engeland weer masjinerie wat gedurende die aftakeling van beweerde strategiese fabrieke verwyder is, aan Duitse nyweraars wou verkoop. Laasgenoemde het egter nie daarvan gebruik gemaak nie omdat hulle intussen beter masjiene ontwerp en geïnstalleer het. Die fabrieke werk dag en nag, en herstelwerk aan spoorweë en brûe word selfs op Sondae gedoen.

### MEGANISASIE

Volgens mnr. Baerveldt het Duitsland ook groot vooruitgang gemaak wat die fabrieksorganisasie betref. In teenstelling met Suid-Afrika is die fabrieke nie met masjinerie volgestop nie, en 'n mens sien nog minder arbeiders. Nogtans is die opbrengs omtrent twee keer so hoog as in die Unie. Die Duitsers het dit bewerkstellig deur grootskeepse meganisasie. 'n Enkele arbeider bedien bv. twee of selfs drie gemeganiseerde draaibanke wat in die Unie nie toegelaat is nie.

# *Mense Agter Ystergordyn*

Mnr. Attlee, die leier van die Arbeidersparty, laat hom glad nie uitstof deur mnr. Churchill in sy ywer vir samewerking met die Russiese kommuniste nie. Mnr. Churchill het liries geword oor daardie samewerking (kyk berig Verkiesingsbeloftes.—Red.) terwyl mnr. Attlee ewe prosaïes verklaar: „Dit is nie Brittanje se skuld dat die wêreld verdeel is nie. Ons wil nie 'n groot afgrond tussen die Ooste en die Weste sien nie. Ons is enige oomblik gereed om die mense aan die ander kant van die ystergordyn te ontmoet en met hulle te onderhandel."

# Militêre Eenheid

(Vervolg van bls. 1 kol. 3.)

van mnr. De Waal Meyer, sekretaris van handel en nywerheid, gepubliseer waarin hy gerusstellend verseker dat ‚mnr. W. Messerschmitt se besoek aan die minister van handel en nywerheid net 'n hoflikheidsbesoek was en dat die Minister geen beloftes van enige aard gemaak het nie.'

### BRITSE FABRIEK

„En eindelik, 'n paar weke later, het Die Burger berig dat die Unie se hoë kommissaris in Londen, dr. A. L. Geyer, aangekondig het dat onderhandelinge gevoer word tussen die British Small Arms-groep en die Suid-Afrikaanse regering oor die oprigting van 'n Britse wapenfabriek in Port Elizabeth of Johannesburg. Daaroor het niemand lawaai gemaak nie.

„Moet Suid-Afrika dan maar altyd 'n lojale klein susterkoninkryk in die Britse statebond bly? Klaarblyklik moet Suid-Afrika liewer 'n republiek word — al is dit dan maar net om wapenfabrieke te laat oprig deur wie hy wil."

JEUG (I)

# JEUG SE WELSYN IS ONVOLDOENDE

**„Hier en daar en oral word daar in 'n paar rigtings iets gedoen in belang van die jeug. Maar daar bestaan nog nie 'n duidelike, doelbewuste, geënigde program vir jeugwelsyn nie. Ons vat hier en los daar maar daar is geen sprake van 'n landswye en volkswye jeugprogram of jeugbeweging waarby ons hele jeug ingeskakel is nie," het prof S. Pauw van die Universiteit van Stellenbosch verklaar toe hy die pasgehoue welsynskonferensie in Kaapstad toegespreek het oor „'n Konstruktiewe Program vir die Welsyn van Jeugdiges." Prof. Pauw het gesê dat hy doelbewus van die een onderwerp na die ander gaan spring om die onvoldoende aard van ons huidige jeugprogram aan te dui. Hy het soos volg betoog:**

Hoewel dit waar is dat daar baie gedoen word vir ons skoolgaande en studerende jeug, is dit ook waar dat ons naskoolse jeug nog altyd gruwelik verwaarloos word. Daarom moet daar in enige program vir jeugwelsyn heel besondere aandag gewy word aan die naskoolse jeug.

Miskien is dit van belang om waarop te wys dat daar binnekort in Suid-Afrika 'n groot toename in die getal blanke jongmense verwag moet word.

### KONSTRUKTIEWE PROGRAM

Die getal blanke kinders wat jaarliks vyftien jaar oud word, sal waarskynlik styg vanaf minder as 42,000 in 1949 tot 45,000 vanjaar, tot 50,000 oor vyf jaar en tot ongeveer 60,000 oor tien jaar. Soos die getal leerlinge in die afgelope jare in die skole gestyg het, so kan binnekort verwag word dat die getal jongmense op die arbeidsmark en die getal studente aan universiteite ook weer sal begin styg. In die jare wat kom sal die verskillende jeugdienste dus moet uitgebrei word, al is dit net om voorsiening te maak vir die grotere getal jongmense.

**'n Konstruktiewe program vir jeugwerk kan alleen sukses behaal as die jeug self die vernaamste rol daarin vervul.** Daarom kan ons ook nie vooraf 'n vaste plan fyn uitwerk, daarna voorskrifte uitdeel dat mense presies só of presies sus moet handel, en dan verwag dat die hele ding volgens plan moet verloop nie. Ons werk met die jeug mag nie dooie bouwerk wees nie, ook nie dooie vormingswerk nie. Ons werk met die jeug moet meer die karakter van kweekwerk dra.

### OPVOEDING VIR DIE HUWELIK

Een van die belangrikste middels om 'n gesonde gesinslewe te verseker, is doeltreffende opvoeding vir die huwelik en vir ouerskap. **Een belangrike aspek van die voorbereiding vir die gesinslewe is natuurlik alledaagse maatskaplike kontakte tussen die twee geslagte. Jongmense moet ruim geleentheid hê om maats te maak met persone van die ander geslag. Dit is na my mening beslis skadelik vir die opvoeding van jongmense om die twee geslagte op onnatuurlike manier van mekaar af te hok.**

### BEROEPSVOORLIGTING

Die skool moet die kind nie net vir intellektuele bedrywighede voorberei nie, maar vir die volle lewe, onder andere ook vir die arbeid. **Deur beroepsvoorligting en waar nodig ook deur beroepsopleiding moet die skool die eerste stappe doen om die kind voor te berei om 'n bepaalde soort werk met sukses aan te pak.** Op die gebied van beroepsvoorligting is daar in die afgelope vyftien jaar heelwat vordering gemaak, maar nog nie naby genoeg nie. Die onderwys departemente se beroepsvoorligters en skoolvoorligters doen kostelike werk, maar hul getal is nog so klein dat hulle nie genoeg aandag kan gee aan al die jongmense wat hulp en raad nodig het nie. Dieselfde geld vir die plasingsbeamptes van die Departement van Arbeid. Ook hulle getal het uitgebrei, en ook hulle is beter geskool as voorheen, maar ook hulle raak slegs 'n gedeelte van die jongmense. **In elk geval bestaan daar geen regverdiging vir beroepsleiding deur twee verskillende owerhede ten opsigte van dieselfde jongmense nie. Myns insiens moet die skool self sorg vir die inskakeling van sy leerlinge in die beroepslewe. Die huidige werksaamhede van die Departement van Arbeid in dié verband behoort oorgedra te word na die betrokke onderwysowerhede.**

### OPLEIDING VIR BEROEP

**Wat beroepsopleiding betref, behoort dit as beginsel aanvaar te word dat minstens die laaste twee jaar van elke kind se formele onderwys, sy dit op skool, beroepskool of universiteit, in hoofsaak gewy moet word aan die opleiding vir 'n bepaalde beroep.** Ook in die eerste jare in enige werkkring moet in hoofsaak die opleiding in daardie soort werk beklemtoon word. Dit wil sê dat nie alleen die skool nie, maar ook die werkgewers 'n roeping het om jeugdiges op te lei en op te voed. Nie alleen in die kennis van die beroep nie, ook nie alleen tot bedrewenheid nie, maar bo alles tot die regte gesindheid tot ware roepingsbewustheid in die werk.

## DRIE VRAE

**In meegaande verslag van sy toespraak behandel professor Pauw die twee vrae: Wie is die jeug? en wat is 'n konstruktiewe jeugprogram? Aanstaande week sal Die O.B. die tweede deel van die toespraak publiseer waarin die vraag: Wat is jeugwelsyn? beantwoord word. Die antwoord sal 'n verduideliking wees van die behoeftes van die jeug waaraan voldoen moet word.**

### VAKLEERLINGSTELSEL

Wanneer ons van beroepsopleiding praat kan ons nie nalaat om nog 'n keer op die foute in ons vakleerlingstelsel te wys nie. Ten spyte van verbeterings bly dit nog waar dat die vakleerlingstelsel 'n versperring op die pad na opleiding vir ons jongmense bly. **Dit word nog gebruik om die belange van die vakverenigings teen denkbeeldige spookgestaltes te beveilig. En die middel is die sluiting van die deur tot opleiding in die ambagte. Terwyl baie van ons seuns vandag nog tevergeefs aanklop om toelating as vakleerlinge is die tekorte in die geskoolde ambagte groter as ooit tevore.** Die vakleerlingstelsel moet verder hervorm word sodat nog groter getalle van ons seuns opleiding in die ambagte kan ontvang. Dit is des te meer nodig omdat die getal jeugdiges nou vinnig aan die toeneem is.

### SKOOLVERLATING

In verband met skoolverlating is daar verder een saak wat dringende aandag vereis, en dit is die datum van skoolverlating. **Dit is verkeerd dat die oorgrote meerderheid van ons jongmense op een tydstip, naamlik die begin van Desember elke jaar saam die skool verlaat.** Omdat daar dan 'n opeenhoping op die arbeidsmark is, word baie gedwing om betrekkings te aanvaar wat hulle nie graag wil hê nie. Die skooljaar behoort so ingedeel te word dat jongmense in 'n geleidelike stroom die skool verlaat.

### NASKOOLSE DIENSTYDPERK

'n Instelling wat groot moontlikhede vir die welsyn van die jeug inhou, is 'n naskoolse dienstydperk. Daar is reeds sprake van verpligte naskoolse militêre opleiding. Maar dit sou jammer wees as so 'n opleiding suiwer militêr van aard moes wees. Daar is so baie ander opsigte waarin die jeug spesiale opvoeding nodig het dat so 'n instelling nie net tot militêre opleiding beperk moet word nie. **Daar skuil baie groot karaktervormende moontlikhede in stelsels van landsdiens, gesinsopvoeding, liggaamsopvoeding, opvoeding in sang, toneel, volkspele, maatskaplike diens, leierskap en talryke ander rigtings waaraan daar in so 'n diensjaar besondere aandag geskenk kan word. Baie van u sal nog die Spesiale Diensbataljon onthou. U sal onthou watter groot verandering ten goede dit vir baie jongmans beteken het. Iets dergeliks, maar minder militêr van aard, kan van baie groot betekenis vir ons jongmense wees.**

### VRYETYDSBESTEDING

Vryetyd — dit is die mens se tyd vir rus en ontspanning, vir die versorging van sy persoon, vir maatskaplike omgang met sy huisgenote, vriende en bekendes, vir liggaamlike en intellektuele ontwikkeling, vir godsdiens en kultuur, vir musiek en sang, vir uitstappies, sport, bioskoop, dans, volkspele, stokperdjies, vir bywoning van konserte, vertonings, vergaderings, vir talryke ander aktiwiteite en — vir niksdoen. Vryetyd kan 'n groot seën wees, en ook 'n groot euwel. Die hoogste opbloei van kuns en kultuur, van godsdienstige en intellektuele ontwikkeling is in baie groot mate afhanklik van gesonde vryetydsbesteding. Maar die ergste afwykings bv. misdaad, dronkenskap en prostitusie is by uitstek die produkte van verkeerde vorms van vryetydsbesteding. **Die stand van 'n volk se kultuur en beskawing word deur niks so duidelik weerspieël as deur die manier waarop hy sy vrye tyd bestee nie.** En veral in die geval van jeugdiges is dit van die grootste belang dat hulle vryetyd op opbouende en gesonde maniere gebruik moet word. Daaroor stem ons almal saam, maar ons sal ook saamstem dat daar nog geweldig veel gedoen moet word om die jongmense se vryetydsbesteding in die regte kanale te lei.

### VOLTYDSE JEUGLEIERS

Een van die vrugbaarste terreine waarop dit kan geskied is dié van jeugklubs, jeugverenigings en -organisasies en die aktiwiteite in jeugsentrums. Maar baie van ons jeugverenigings voer 'n sukkelbestaan, miskien veral omdat daar 'n ernstige leemte bestaan in die gebrek aan bekwame, doelbewuste, toegewyde en inspirerende leiers. Het die tyd nie aangebreek dat voltydse jeugleiers op veel groter skaal as vandag in diens geneem moet word nie? In Brittanje is daar reeds sowat tweeduisend voltydse jeugleiers aan die hoof van allerlei soorte jeugorganisasies. Ek sou verbaas wees om te hoor dat daar in Suid-Afrika meer as twintig voltydse jeugleiers is. En as daar voltydse jeugleiers moet wees, moet hulle natuurlik opgelei wees. Daar sal spesiale opleidingskursusse vir jeugleiers ingestel moet word.

## Die Oor-Dertig Vereniging

In Brittanje is daar 'n organisasie wat genoem word Die Oor-Dertig Vereniging. Die vereniging se lede is almal vroue wat ouer is as dertig jaar en die doel is om die vrou te help aan werk en huisvesting. As 'n vrou dertig jaar oud geword het, en nog ongetroud is, is dit waarskynlik dat sy nie sal trou en haar eie huis sal hê nie. Derhalwe is sy op haarself aangewese vir 'n blywende tuiste en inkomste. Die Oor-Dertig Vereniging is hierdie vroue se hulporganisasie.

**„Suid-Afrika se dringendste vraagstuk is nie soseer 'n kwessie van hoë lewenskoste nie, maar van die koste van hoë lewe." — mnr. P. J. Olivier, administrateur van Kaapland.**




Waar u ook mag wees

Kommando



—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret

G1-3066-AH.

WAARDE
KWALITEIT
VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS

Beperk

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# Verwoerd Sê Hy Stel Net Ideaal Van Apartheid

**'n Onderhoud oor die beleid van apartheid tussen die Minister van Naturellesake, dr. H. F. Verwoerd, en 'n afvaardiging van die handel en nywerheid word in die jongste uitgawe van Commercial Opinion weergegee. Die afvaardiging het die minister ondervra na aanleiding van die teenstrydige verklarings enersyds van die Minister van Naturellesake dat naturelle nie toegelaat kan word om nywerheidsgebiede rondom die blanke stede binne te stroom nie en andersyds van die Minister van Arbeid dat dit noodsaaklik is dat die sekondêre nywerheid nie-blanke arbeid moet hê.**

**Dr. Verwoerd, wat blykens sy optrede tot dusver 'n voorstander van algehele segregasie skyn te wees, het die afvaardiging meegedeel dat sy standpunt die langtermynbeleid verteenwoordig terwyl die Minister van Arbeid die nywerhede verseker dat hul bestaande ondernemings nie van naturelle-arbeid beroof sal word nie.**

Dr. Verwoerd het gesê dat na skatting die blanke bevolking oor 50 jaar 6 miljoen sal tel teenoor 19 miljoen naturelle in die Unie. Gedurende hierdie tydperk sal die naturelle se opvoedingspeil verhoog word en daar sal groter parlementêre verteenwoordiging geëis word vir die naturelle bevolking wat oor die hele Unie versprei is. Op die duur sal sulke verteenwoordiging mettertyd die magsewewig in die parlement hou en algemene stemreg sal aan naturelle gegee word. Die enigste alternatief is om die naturel sover moontlik tot hul eie gebiede te beperk. **Dit is die ideaal, maar in die praktyk sal dit slegs moontlik wees tot 'n mate in die rigting te gaan.**

### DIE RESERWES

Op die oomblik is daar ongeveer 2 miljoen naturelle in die stede en verdere nywerheidsontwikkeling trek nog meer naturelle aan. Daar is ongeveer 3 miljoen naturelle in die reserwes, maar 70 persent van hulle trek periodiek na die blanke gebiede. **Die oplossing lê nie daarin om die naturelle met dwang terug te voer na die reserwes nie maar om te verseker dat die vermeerdering in naturellebevolking na die reserwes aangetrek sal word.** Die metodes wat hiervoor aangewend kan word is (1) landbou-ontwikkeling van die reserwes (2) die oprigting van nywerhede aan die grense van die naturellegebiede en (3) vermeerdering van werksgeleenthede in die reserwes.

### GEEN BEPERKING

**In antwoord op 'n vraag het die minister gesê dat daar geen beperking van nywerhede in die stede tot hul huidige omvang beoog word nie. Dit is die vermeerderde naturelle van die platteland en reserwes waarvoor daar elders arbeidsmoontlikhede geskep moet word sodat hulle weg kan bly uit die stedelike nywerhede.** Mnr. R. N. Harvey het aangevoer dat die plasing van nywerhede afhang van die arbeidsbron, die nabyheid van grondstowwe en die nabyheid van markte. Hierop het die minister geantwoord dat ekonomiese moontlikhede in aanmerking geneem moet word, maar dat daar nie toegelaat kan word dat die ekonomiese winsbegeerte voorkeur kry bo belangriker oorwegings nie. Rusland het bv. nywerhede opgerig ver van die voorradebronne terwille van strategiese oorwegings. Net so sal in Suid-Afrika ekonomiese oorwegings miskien moet plek maak vir die belange van die blanke beskawing.

### TOESTROMING

Voortgaande het dr. Verwoerd gesê dat geen vorm van verpligte plekaanwysing vir nywerhede oorweeg word nie. Beheer van die toestroming van naturelle na die stede is egter baie noodsaaklik. Dit word ook beoog om die nywerhede in die blanke stede aan te moedig om gebruik te maak van die beskikbare arbeidsbronne deur byvoorbeeld loonskale so aan te pas dat die nywerhede van minder gesogte naturelle ook gebruik sal maak. Tans moet dieselfde lone betaal word aan alle naturelle met die gevolg dat die nywerhede traag is om 'n groot aantal jong naturelle in diens te neem.

**Op 'n vraag of dit korrek is om aan te neem dat die minister gesê het dat die mate van toekomstige nywerheidsuitbreiding in die stede in verhouding tot die natuurlike aanwas van die bestaande naturellebevolking in en rondom die blanke stede sal geskied, het die minister geantwoord dat hy dit nie so presies sal wil sien nie.**

### STAATSHULP

**Mnr. E. R. Savage het met verwysing na die nywerheidsontwikkeling in die naturellegebiede gesê dat dit die hulp van die witman veronderstel, maar dat hy as nyweraar nie daaraan sal dink om 'n nywerheid daar op te rig indien die beheer later in naturellehande moet oorgaan nie. Hiermee het die minister saamgestem. Die bedoeling is om staatsmasjinerie daar te stel wat die ontwikkeling van naturellenywerhede sal aanhelp.**

Dit sal vanselfsprekend wat omvang en grootte betref onderhewig wees aan die beperkinge van ondernemingsgees, ondervinding en geldelike agtergrond van die naturelle, bo wie se eie vermoëns die ontwikkeling nie gedwing kan word nie.

Op die vraag of die regering die kapitaal van die voorgestelde nywerheidsontwikkelingskorporasie vir die naturellegebiede sal finansier, het die minister gesê dat dit 'n saak is wat die aandag sal geniet van die spesiale kommissie wat aangestel is. Die bedoeling is om die naturel te help om sy eie private onderneming te ontwikkel. Dit sal klaarblyklik nie moontlik wees om onbeperkte blanke finansiering in die reserwe toe te laat nie, aangesien dit gedoen mag word met die doel om 'n besondere mededingingsvoorsprong te kry tot nadeel van nywerhede in die blanke gebiede.

### HUISVLYTNYWERHEID

Op die vraag of die naturellenywerhede beperk sal wees tot huisvlytnywerhede en of dit ook die massa-produksie van verbruikersware sal behels het die minister gesê dat die nywerhede in teorie nie tot eersgenoemde klas beperk sal wees nie, maar in praktyk sal dit wel so wees veral in die eerste stadium omdat die naturel se vermoë in ag geneem sal moet word. Namate hulle ontwikkel sal die ruimte van die produksie verbreed word, maar met besondere aandag aan die naturellemark.

Die volgende vraag is voorts aan die minister gestel: Op watter grondslag sal naturellenywerhede in die reserwes toegelaat word om met blanke nywerhede mee te ding? Sal daar vrye handel wees tussen die reserwes en die res van die Unie? Sal die minimum-lone vir ongeskoolde, halfgeskoolde en geskoolde arbeid in die reserwes aansienlik laer wees as in blanke nywerhede?

### MEDEDINGING

Hierop het die minister geantwoord dat met groot sorg toegesien sal word dat daar geen onbillike mededinging tussen die nywerhede binne en buite die naturellegebiede sal wees nie. Op die vraagstuk van lone sal baie deeglik ingegaan word deur die kommissie en aandag sal ook geskenk word aan die verband tussen ander koste binne en buite die reserwes.

Die minister het ook gesê dat daar ondersoek ingestel sal word na die vraagstuk van kragverskaffing aan die nywerhede aan die grense van die naturellegebiede.

Op die vraag oor geskoolde arbeid binne die naturellegebiede en of sulke geskoolde arbeid ook tot die blanke gebiede toegelaat sal word, het die minister gesê dat dit toegelaat sal word net binne die naturellegebiede.

---

## *Rawsonville Se Mooi Opbrengs*

**Mnr. A. du T. Botha, Komdt. van die O.B.-kommando Rawsonville, berig dat die opbrengs van die O.B.-dagfunksie wat op 15 September by mnr. Koos de Wet gehou is die bedrag van £90 14s. opgebring het. Die Boerejeug was verantwoordelik vir £10 hiervan.**

# MOENIE PARTYE SE SAMESMELTING TE ERNSTIG OPNEEM NIE

**„Ek wil 'n beroep op u doen om die politieke partye se samesmelting nie te ernstig op te neem nie," het mnr. P. J. Grobbelaar (generaal) verklaar by geleentheid van die O.B.-vergadering wat op 8 September op Lichtenburg gehou is. „Hulle skeur net so maklik as wat hulle saamsmelt — altans vir elke hereniging was daar nog altyd 'n skeuring." Voortgaande het hy gesê:**



P. J. GROBBELAAR

Die groot gedagte moet altyd in die oog gehou word: Ons volk moet voortbestaan. En hy sal voortbestaan — ongeag smeltings of skeurings. Vroeër of later sal ons die weg vind waarlangs ons volk sal trek na sy eindbestemming sonder skeurings. Ons strewe na 'n onafhanklike republiek sal alleen verwesenlik word wanneer volkseenheid verkry is. Daarsonder kan geen republiek in Suid-Afrika tot stand kom nie.

### PARTYEENHEID

**Partyeenheid is nie volkseenheid nie en volkseenheid kan ook nooit deur die partypolitiek verkry word nie.** Daardie weg na volkseenheid moet dus verkry word en dit is die strewe van die Ossewabrandwag. Vir daardie groot doel moet die O.B. hom beywer — binne en buite die partye — en as hy dit bereik het is die volk gered.

Ons het tans by 'n mylpaal in die stryd van die O.B. gekom.

Die O.B. wat gebore is uit die Ossewatrek was die konsolidering van die nasionale aspirasies van ons volk. Dit het plaasgevind op 'n tydstip toe ons volk verskeurd was deur partypolitieke twis en by die begin van die tweede wêreldoorlog. Die volk het opgestaan uit die stof van sy vernedering en wou sy regte eis en handhaaf met enige middel tot sy beskikking. As gevolg van die groot toestroming het die O.B. gegroei tot 'n magtige organisasie wat bereid was om enigiets te doen ter verwesenliking van ons volksideale.

### STRYD MET H.N.P.

Die verloop van die oorlog en die verdeeldheid wat ontstaan het as gevolg van die stryd met die H.N.P. en sy pers het verhinder dat die O.B. sy doel bereik het.

O.B.-lede is uitgesluit van die party en 'n groot broedertwis het ontstaan. Van eensgesinde optrede en 'n massabeweging was daar toe nie meer sprake nie. Die stryd was meer onderling as teen die werklike vyande.

Vandag word die deure van die nuwe Nasionale Party oopgegooi vir die O.B. en die uitsluitingsbevel word skynbaar opgehef. Die O.B., as sodanig, wou nooit skeur met die H.N.P. nie. Hy wou binne-in hom bly. Waar die deure dus nou oopgemaak word, neem ek aan dat die K.G. en baie O.B.-lede sal toetree om hulle stryd binne-in die party voort te sit.

### SLUIT NIE BY PARTY AAN NIE

**Omdat 'n groot deel van die O.B.-lede sat geword het van partypolitieke twis sal hulle waarskynlik onwillig wees om aan te sluit. Hulle sal liewer hul stryd buite die partypolitiek wil voortsit.** Vir die O.B.-lede wat wel toetree wil ons sê: Gaan, julle is nog ons broers. Gaan, en laat julle invloed in die party geld. Wees 'n suurdeug om die wese van die partypolitiek te verander sodat dit in staat kan wees tot groter volksdiens. As julle ons, wat buite stry egter die dag nodig het moet julle maar roep en ons sal kom.

### BLANKE BESKERMINGSBOND

Die Ossewabrandwag neem deur hierdie optrede nie twee stellings in nie. Hy verdeel net sy mag om op twee fronte te veg. **Dit gee geleentheid aan elke O.B.-lid om te veg op die front wat die beste in sy smaak val.**

Ek wil graag die O.B.-lede wat die stryd buitekant die partypolitiek gaan voortsit verwys na die Blanke Beskermingsbond. Daar is 'n groot geleentheid vir diens. **Die volk moet gemobiliseer word om 'n gemeenskaplike vyand van die blanke ras se voortbestaan te beveg.** Storm in en help en as julle die koelie-kwessie opgelos het, deur volksoptrede, sal julle 'n mylpaal in ons volk se lewe help bereik het. O.B.-lede wat die stryd hier gaan voer moet reken op die hulp van hulle broers in die party— altans op die hulp van alle blanke Afrikaners. (Ingestuur).

# ELKE KEER NUWE SLANG IN NES

**Die addernes broei nog steeds slange uit, skryf Union. Die waaksame oë van die Kremlin het nog 'n slang in die nes bespeur. Hierdie keer is dit die kameraad, generaal Spychelski, wat aan die kaak gestel is as 'n „Tito-afdwaler" en 'n „fascistiese mal hond." Hy sal eersdaags aangekla word.**

**Hieruit blyk een van twee dinge. Òf die kommuniste vernietig hul eie rewolusie òf die kommunisme vreet homself op.**

### BAIE SLANGE

Spychelski is nie die enigste of eerste slang wat in die Kremlin-nes ontdek is nie. Daar was Trotsky, Kamener, Zinoviev, Tomsky, Kostov van Bulgarye, Rjak van Hongarye, Tito van Joego-Slawië, Reimann van Duitsland en nou weer Spychelski van Pole. Elkeen van hierdie manne was lede van die kommunistiese elite: elkeen is veroordeel as die venynigste vyand van die kommunisme, nadat hy 'n leeftyd van diens aan die saak gewy het.

**Dit moet een van twee dinge beteken: òf die kommunistiese party het die sonderlinge eienskap om sy getrouste aanhangers om te skep in sy verraderlikste vyande; òf die kommunistiese leiers in die Kremlin verteenwoordig 'n tirannie— erger nog as Nero s'n — wat sy getrouste slawe vermoor.**

---

## *Politiek Of Nie-Politiek*

Die Verenigde Party openbaar sy uiterste swakheid deur die Fakkelkommando as 'n nie-politieke organisasie te bestempel en hom as sodanig te beskerm, het mnr. Hendrik Bekker, voormalige Sap-Volksraadslid op Witbank gesê.

„Ons weet mos almal dat die Fakkelkommando 'n politieke organisasie is en ons is nie skaam om dit te erken nie," het mnr. Bekker voorts gesê.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.